



Lowrensgraver-Strand

NUUSKRUMMELS

Hier is ek!

Daarom, bemoedig mekaar en bou die een die ander op, soos julle ook doen – 1 Tessalonisense 5:11 (1933/1953-vertaling).

Ander se geluk herinner 'n mens dikwels aan jou eie swaarkry. Huwelikspare wat die pad van kinderloosheid stap, beleef pyn en diep hartseer elke keer wanneer hulle met 'n ouerpaar en 'n babatjie gekonfronteer word.

Ouers met 'n gestremde kind ontsnap nooit uit hul omstandighede nie. Hulle word daaglik herinner aan dinge wat hulle ontbeer wanneer hulle na ander, skynbaar sorgelose gesinne kyk wat vanselfsprekend aanvaar dat kinders grootword, skool toe gaan, eksamens slaag en dan 'n beroep beoefen.

Mense wat swaarkry, het dikwels soveel lewenswysheid waarmee hulle ander kan verryk. Hulle kan ander se oë help oopgaan sodat hulle klein seëninge leer raaksien. Hulle kan deur hul voorbeeld wys dat 'n mens niks as vanselfsprekend moet aanvaar nie. En hulle kan ander leer hoe om 'n dankbaarheidslewe te leef.

Ons sien hoe ware opofferende liefde lyk wanneer 'n man of vrou 'n terminaal siek huweliksmaat met deernis en geduld versorg sonder om ooit te kla. Dit is 'n liefde wat niks in ruil verlang nie. Ons wat deur hul voorbeeld versterk word, moet op óns beurt uitreik en hulle bemoedig. Swaarkry-mense lyk dalk sterk, maar diep binne is hulle broos en smagtend na omgee-mense wat êrens langs die pad hul arms om 'n krom skouer kan slaan.

Wanneer Paulus die Tessalonisense-gemeente uitnoui om mekaar te bemoedig, het hy ons almal in gedagte. Ons het mekaar nodig; nie net vir praktiese hulp nie, maar ook vir geestelike bystand en bemoediging. - *Boodskap vir Vandag*



Ons nooi julle hartlik uit om saam met ons in gebed te tree voor die Eredien in die Gebedskamer.

Elke Sondag 08:40 - 08:55



Lowrensgraver-Strand

Huis Jan Swart

is 'n nie-winsgewende Tehuis vir Ouer Persone in die Strand, Wes-Kaap, sedert 1962. Ons inwoners is besig met

'n Tuinprojek, as deel van aktiewe veroudering, en benodig u

hulp in die vorm van donasies / skenkings om die tuin 'n nuwe baadjie te gee. Volgens studies rapporteer ouer

volwassenes, met toegang tot sulke tuine, laer vlakke van depressie, verbeterde mobiliteit en hoër

lewensbevrediging. Selfs passiewe betrokkenheid soos;

om uit 'n slaapkamer venster op 'n blomtuin uit te kyk, kan stres verminder en emosionele gesondheid verbeter.

Ons visie vir die 'nuwe' tuin sluit in:

- Skaduryke sit-areas vir lees en gesels
- Blombeddings met sensoriese plante soos laventel en roosmaryn
- Bestaande paadjies vir wandelings wat selfs rolstoel-vriendelik is, op te knap
- Addisionele voëlvoerders en rustige waterfonteine (water is lewe)



Met die ondersteuning van ruimhartige borge soos u, kan ons nie net plante kweek nie, maar ook vreugde, waardig-heid en rustigheid aan ons Ouer Persone bied. Ons doen 'n nederige beroep op u om deel te word van **Huis Jan Swart** se Tuinprojek, as 'n borg. Sien asb die wenslys van moontlike bydraes tot hierdie projek, met die top 15 as prioriteit. Ons beoog om in September 2025 met 'n lente/somer aanplanting te begin.

Indien u belangstel om betrokke te raak, kontak ons gerus by **021 854 3763** of stuur 'n epos aan:

bestuurder@huisjs.co.za.

Behoeftelys vir Tuinprojek (geprioritiseer vir Lente / Somer)



- Belaperone Guttata (Garnaalplant)
- Belaperone Chanteril (Garnaalplant)
- Brunfelsia Calycina (Yesterday, Today & Tomorrow)
- Crossandra (Firecracker Flower)
- Kerria Japonica (Jew's Mallow)
- Calliandra Selloi (Calliandra)
- Justica Carnea (Jacobinia)
- Felicia Ameloides (Blou Madeliefie)
- Philadelphus Coronarius (Boerejasmyn)
- Spiraea Cantoniensis (Kaapse Mei)
- Cassia Corymbosa (Herfskassie)
- Phygelius Capensis (Kaapse Foksia)
- Plectranthus Fruticosus (Pienk Spoorblom)
- Azalea Kurume Asaleas (Asalea)
- Aster Filifolius (Draaibossie / Wilde Aster)
- Euphorbia Venata (Spurge)
- Skimmia Reevesiana (Japanse Skimmia)
- Dichorisandra Thyrsiflora (Dichorisandra)
- Gardenia Jasminoides (Katjiepiering)
- Acer Dissectum Atropurpureum (Esdoring / Mapel)
- Bambusa Multiplex (Bamboes)
- Hydrangea (Krismisroos)
- Impatiens (Balseminie)
- Mackaya Bella (Mackaya)
- Pierris Formosa / Forestii (Rooiblaar / Perelblom)
- Kompos, Beenmeel, Grond

Voorbidding

Voorbidding vir Ds. Derick vir die Sondagboodskap

Voorbidding:

Dirk Verdoes
Riaan du Preez
Louw Geldenhuys
Helena Kritzinger
Luca Heasman
Alta Ellis

Ons hart gaan uit na alle ander siekes en anonieme gebedsversoeke.

Spesiale voorbidding vir Huis Jan Swart se inwoners en personeel.

Bid ook vir die haweloses.



Die Kos Kas

Wil jy graag vir die Koskas ietsie koop maar is nie altyd seker wat om te koop nie?

Hier is 'n lysie van produkte wat ons gereeld benodig



- ☐ **DRINKGOED:** Koffie, Tee, Oros
- ☐ **PAP:** Oats, Mieliepap
- ☐ **SOP:** Cup O' Soup, *Sopmengsel in glasbottels (resep onder aan)*
- ☐ **PASTA:** Macaroni, Spaghetti, Rys, 2-Min Noodles
- ☐ **BLIKKIESKOS:** Alle soorte is welkom!
- ☐ **SPESERYE:** Sout, Peper, Pakkies
- ☐ Speserye
- ☐ **TOILETWARE:** Shampoe, Seep, Tandepaste, Tandeborsel, Waslap, Tissues,
- ☐ **LEKKERNYE:** Pakkie koekies, lekkertjies

Sopmengsel in Glasbottel - Bestanddele:

½ k Pasta - klein :shell pasta"l

1½ k Soup mengsel - 4in1

½ k Lentils

1 tlp "Stock" blokkie/poeier - groente of hoender

1 pakkie Soppoeier - Bruin Uie of Hoendersop

Instruksies:

Pak die bestanddele in verskillende lae

Begin met die Sopmengsel, Pakkie Soppoeier, pasta, lentils en "stock blokkie/poeier.

Vul die houer met die oorblywende Sopmengsel

Maak die houer toe - versier die houer met 'n lint om die nek van die bottel. Lewer af by die Kerkkantoor

Die kerkraad het tydens 'n amptelike Kerkraadsvergadering gehou op 26 Mei 2025 besluit om Floris Ter Haar tot die kerkraad te verkies. Floris is tans die Voorsitter van die Finans-kommissie en sal ook hierdie portefeulje op die kerkraad hanteer. Die kerkraad se besluit word op twee agtereenvolgende Sondae tydens die erediens aan die gemeente voorgehou vir approbasie.

Besware, indien enige, teen die besluit van die kerkraad ten opsigte van Floris se aanstelling kan soos voorsien in die Kerkorde skriftelik ingedien word by die Kerkkantoor voor 11 Junie 2025. Indien geen geldige besware teen die sperdatum ingedien is nie, sal die aanstelling van krag bly en sal Floris so spoedig moontlik as kerkraadslid aan die gemeente voorgestel word.



Kind van Belofte

Genesis 12 - 21

Vir Die Kleinspan

Abraham was 'n man wat God baie liefgehad het. Hy het dit geniet om tot God te bid en elke dag met Hom te gesels. Hy het sy bes gedoen om God te gehoorsaam. Op sy beurt, was God tevrede met Abraham. God het Abraham geseën deur vir hom baie grond te gee. Trouens — God het vir Abraham gesê om in elke rigting so ver as wat hy kon sien, te kyk, en daardie grond sou syne wees. God het Abraham geseën met groot troppe skape en kuddes beeste. Hy het Abraham geseën met baie dienaars om te help sorg vir die grond en die diere. God het Abraham so baie geseën dat hy die rykste man in die wêreld geword het in daardie tyd.

MAAR...daar was steeds een ding wat Abraham meer as enigiets anders in die HELE wêreld wou gehad het....
...Abraham wou hê dat sy vrou, Sara, 'n seun moes hê.

Hy het die nag onthou toe God met hom gepraat en gesê het, “Abraham! Kyk op na die sterre en kyk of jy dit kan tel.” Abraham het opgekyk, maar natuurlik was dit vir hom onmoontlik om al die sterre te tel. Daar was so baie regdeur die hele hemel. Daar was geen manier dat almal getel sou kon word nie!
Toe het God gesê, “Jou nageslag sal soos die sterre wees. Daar sal so baie wees, dat hulle nie getel sal kan word nie.” DIT was 'n wonderlike belofte en Abraham het GEGLO dat dit sou gebeur, omdat GOD GESÊ HET DIT SOU. Maar daardie belofte was SOOOOOO lank gelede gemaak. “WANNEER sal dit ooit gebeur?” het hy gewonder.

Hy het die keer onthou wat hy gelag het. Die Here het aan hom verskyn en belowe dat hy en Sara, sy vrou, 'n kind sou hê, en dat hy die vader van baie nasies sou wees, en dat sommige van sy nasate selfs KONINGS sou wees. Hy het gelag omdat Sara reeds NEGENTIG JAAR OUD was, wat HEELTEMAL te oud was om 'n baba te hê! Weer het hy gewonder, “Ons is nou selfs ouer as wat ons toe was. WANNEER sal dit ooit gebeur?”

Hy het ook onthou van die tyd nie te lank gelede nie, toe die besoekers by sy tent opgedaag en hom vertel het dat Sara 'n seun sou hê. Daardie keer was dit SARA wat gelag het, omdat sy net nie kon glo dat sy ooit 'n baba sou kon hê nie, veral nie op HAAR ouderdom nie.

Abraham en Sara het dikwels gepraat oor hoe wonderlik dit sou wees om 'n seun te hê. Sara het baie tyd daaraan bestee om warm komberse en snoesige babaklere te maak. Abraham het een van sy diensknegte 'n klein wiegie laat maak. Hulle was oorweldig met blydschap en opgewondenheid, terwyl hulle beplan en voorberei het vir die koms van hulle nuwe baba. Dit het gebeur NET SOOS GOD BELOWE HET. 'n Oulike klein baba seuntjie was vir Abraham en Sara gebore. Abraham het die baba Isak genoem, wat lag beteken. Die baba het baie blydschap en gelag vir Abraham en Sara gebring. Hulle het baba Isak baie, baie liefgehad. Hulle was so bly dat God sy belofte nagekom het.

SnuffelMARK



As jy kaste reg pak, huis op pak, items wil weg gee....skenk dit asseblief vir die kerk se Snuffelmark.

Die items word sorteer en die laaste Woensdag van elke maand, teen kosprys verkoop.
Kom gee dit gerus af by die Kerkkantoor tydens kantoorure.

Skenkings is welkom: klere, meubels, skoene, gordyne, komberse, kussings, kinderspeelgoed, kombuisware, bekere, koppies, pierings, skildery, en vele meer

Volgende Snuffelmark: Woensdag 25 Junie @ 11:30



Here, dankie vir al die mense wat na my uitreik in goeie en swaar tye. Dankie vir goedgesindheid en meelewing.

Amen. (geleen)



Gebed vir die eksamen

Dankie vir alles wat U vir my en diegene rondom my doen.

Ek weet dat u my so baie seën,

maar ek wil vra dat U my sal help om te fokus
wanneer ek eksamen skryf.

Ek het U hulp nodig om die inligting wat ek moet leer
goed te kan onthou en toe te pas wanneer ek skryf.

Ek het U nodig om my te help om meer selfversekerd te wees
wanneer ek in die eksamenlokaal instap

en om te ontspan, sodat ek kan konsentreer.

Here, help asseblief die mense om my om te verstaan
dat ek moet fokus en studeer.

Here, ek vra dat u my lei om na die regte plekke te kyk
en op die regte plekke te fokus.

Daar is soveel inligting voor my,

en ek weet ek sal notas hê,

maar help my om dit te lees op 'n manier wat sin maak.

Help my om die inligting duidelik te sien,

want dit sal my help om te slaag.

Here, help my ook dat wanneer ek in die eksamenlokaal instap,

ek vrede in my gemoed sal hê met die wete dat ek my bes gedoen het
om voor te berei vir die eksamen.

Ek bid Here, vir U leiding wanneer ek eksamen skryf.

Here, dankie vir al die seëninge wat U in my lewe geplaas het.

Dankie dat U hier is in hierdie tyd wanneer ek 'n bietjie oorweldig voel.

Dankie dat U altyd daar is en my toelaat om op U te vertrou.

Ek prys U Heilige naam.

Amen.

[Dankie, Anoniem, dat jy hierdie met ons deel.]

Dream
Big

2025
Ons Dagboek

16 Junie Vakansiedag

25 Junie Snuffelmark - 11:30



Lifeline Jeug



- 'n Jeugbediening waar die jongmense suiwer Skriflering ontvang en in 'n lewende groeiende verhouding met Hom leef.
- 'n Jeugbediening waar jongmense die Skrif prakties uiteleef deur Omgee, Aangee en Oorgee aan God se wil.
- Ons streef na 'n jeugbediening waar die jongmense die Verlossingsboodskap van Jesus Christus uitdra aan mense in hul onmiddellike omgewing, die Wes-Kaap, ander dele van Suid-Afrika en aan mense in ander lande.
- Onse Vader wat in die hemel is, laat U Naam geheilig word; laat U koninkryk kom; laat U wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde. (Mat 6:9-10)

Hoërskool leerders:

Sondae 17:30 - 19:00 by die kerk, of soos gereël met Attie. Ons gaan weer lekker "Social, Praise & Worship" en dan in ons klasse inbeweeg.

Belydenisklas:

Ons kom Sondae om 17:30 by die kerk bymekaar. Graad 11's en ouer, wat nog voorgestel moet word is baie welkom om by ons aan te sluit.

Vir verdere inligting skakel gerus vir
Attie - 079 442 2230



JESUS



Lowrensiner-Strand



Dinamiet Kiedz en Beloftelanders



Voorskool & Laerskool, elke Sondag
09:00 tot 10:30 tydens skoolkwartale.

Navrae: Karin 083 643 0653

Ons kom eers almal in die kerk bymekaar en sal dan verdaag word na die saal



Welkom by die 2de kwartaal
Die Kwartaal is dit Paasfees en ons het soveel
wonderlike lessies wat ons voorberei het wat
ons graag met julle wil deel
bring jou maarts saam en kom deel in die
glorie van Jesus

Program vir die 2de Kwartaal

22/06	Les 12
27/06	Skole sluit



Beloftelanders

Tydens die kerkdiens: (09h00 - 10h30). Alle kinders tussen 3-6 jaar is welkom
Ons verkondig die Evangelie d.m.v. Odos, CEF en Kidz Express se materiaal.

Al ons lessies word prakties gedoen, ons speel lekker en vier ook ons verjaarsdae saam;

Ons nooi alle mammas en pappas om ons klasleier een Sondag per kwartaal te kom help met die aanbied van die Sondagklassies.

Vir navrae kontak: Karin Kuys @ 083 643 0653

Dinamiet Kiedz

Ons bring graag die Evangelie aan die kinders, help hulle om geestelik te groei en moedig hulle aan om die Goeie Nuus met ander te deel deur persoonlike getuigenis & dienslewering tydens uitreike na ouetehuse, skole, ens.

Dan is daar natuurlik Gemeente Pieknieks, Kampe, Ken-mekaar braaie met die ouers en nog baie heerlike projekte.

Vir navrae kontak: Karin Kuys @ 083 643 0653

Tienerkerk (gr7)

Lesse wat kinders help om getuies te wees tot in die uithoeke van die wêreld. Die kinders gaan op 'n leersame en opwindende reis om meer oor dissipelskap te leer.

Ons kom elke Sondag vanaf 09:00 tot 10:30 in "Die Gat" (vertrek onder verhoog) bymekaar.

Vir meer inligting, skakel gerus vir Liesbet @ 073 630 0268



Lowrensiner-Strand

Jy kan ook jou **Dankoffer en Bydraes** vir die gemeente deur die ZAPPER selfoon toepassing gee.

Bank inligting:

Lourensrivier Gemeente ABSA (Strand)

Takkode: 334-312

Reknr.: 420 580 231

Verwysing: naam en van

e-pos aan: fin@lourensrivier.co.za



Kontak die kerkkantoor om in te skakel,
of vir meer inligting: 021 853 5991

RAPHA VROUE

Elke tweede Maandag.

SENIOR MANNE

Woensdae 08:30 voor in kerk

VROUEGROEP

Woensdae 09:00 in die gebedskamer

Kontak ons gerus : 021 853 5991

Predikant: Ds. Derick Boonzaaier
derick@lourensrivier.co.za

Admin kantoor-ure

Maandae: 09:00 - 14:00

Maandae - Donderdae: 08:00 -14:00

Vrydae: 08:00 -13:00

Skriba: admin@lourensrivier.co.za

Finansies kantoor-ure

Maandae: 09:00 -12:30

Dinsdae - Vrydae: 08:00 -12:30

Finansies: fin@lourensrivier.co.za

BESOEKERS / NUWE LIDMATE

In die voorportaal is 'n boekie waarin jy jou besonderhede kan aanteken.

As jy 'n **GEBEDSVERSOEK**, of 'n **HUISSBESOEK VERLANG**,
vul dit ook in die boekie in.

Of stuur jou navraag/versoek na admin@lourensrivier.co.za
Kontak Ds. Derick direk vir enig
besoeke of afsprake 082 333 6012



Stoor (save) asb. die nommer op jou selfoon -
anders kan jy dalk nie die boodskappe kry nie

Lourensrivier-WhatsApp Groep

Stuur 'n WhatsApp met jou naam na

Ds. Derick: 082 333 6012 of

Lémari: 082 692 9086

as jy op die kerk se WhatsApp groep wil wees.

ONDERSTEUN asb.
PLAASLIK
 voordat daar niks meer
PLAASLIK
 is om te ondersteun nie.



MSA
 MARIUS STENEKAMP
 ATTORNEYS

Unit 2, Little Greece
 George Str, Strand
 P.O. Box 1170, Strand, 7139
 Tel: 021 837 1235/6
 Fax: 086 274 2003
 Cell: 084 448 4429
 marius@stenekamp.co.za
 www.stenekamp.co.za


Secure SE
 FIRM. FIXED. SAFE

Secure SE Pty Ltd
 Reg.no. 2019/270620/07 | PSIRA no. 4606196
 stephan@securese.co.za
084 499 5858

Jeremiah 29:11 & Esther 4:14


CAM LIVE VISION
 FOR ALL YOUR MONITORING AND SECURITY NEEDS

Cam Live Vision Pty Ltd
 Reg.no. 2010/003490/07 | PSIRA no. 2185751
 info@camlivevision.co.za
021 851 6023

www.camlivevision.co.za

Jeremiah 29:11 & Esther 4:14


VOLANTRA ORBITAL
 The power to protect

Volantra Orbital Pty Ltd
 Reg.no. 2014/183888/07 | PSIRA no. 2707006
 info@volantra.co.za
021 851 6023

www.volantraorbital.co.za

Jeremiah 29:11 & Esther 4:14

Flamēros
 CHICKEN GRILL

187 Main Road, Strand
 021 854 7774

Het jy hulp nodig om
 finansiële sekerheid
 te kry?


 Sanlam


 Willie Fourie
 Senior Finansiële Beplanner
 021 853 2179
 082 468 1099
 admin@sanlam.co.za

Elk kan hiermee help:

- Finansiële beplanning
- Lewensdekking
- Ongesuktheidsdekking
- Spaar en beleggings
- Aftreebeplanning
- Spaar vir opvoeding

Sanlam Lewensverzekering Bepoort is gekwalifiseerde lewensverzekeraar, genootskap verskaffer van "aanvaarbare" dienste en gekwalifiseerde kredietverskaffer (NCRCP41).


FTH ACCOUNTANTS
 The name you can ACCOUNT on

Floris Ter Haar
 Professional Accountant (SA)


 SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF
 PROFESSIONAL ACCOUNTANTS
 YOUR WEALTH

Tel: 021 853 4266
 Cell: 082 741 7076
 Fax: 088 021 854 5741
 E-mail: floris@fthacc.co.za

20 Conradie Street
 Strand, 7140
 Skype: fterhaar

HBP
 HELDERBERG BUILD & PAINT

STUART JACKSON

082 872 6830 | info@hbpcconstruction.co.za
 www.hbpcconstruction.co.za


Be My Dollie
 Popklere Doll Clothes


 100% Homemade
 Love

079 526 5542 | @bmdollies